

18 November

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:3-16
Fokusgedeelte: NGB, Art 29

Kenmerke van die ware lidmaat – jaag die geregtigheid na

Soos Josef gister, moet ook Timoteus vir sonde vlug. Ook sý “vlug” is egter terselfdertyd ’n jaag (streef) na God (vers 11). Dit is belangrik om te sien dat hierdie “vlug” en “jaag” nie twee afsonderlike bewegings in ’n gelowige se lewe is nie, maar één! Terwyl jy vlug, jaag jy; en terwyl jy jaag, vlug jy. Terwyl jy streef na ’n lewe waarmee God tevrede is, kry die sonde al hoe minder vatkans op jou. En, terwyl jy van sonde afskeid neem, leef jy al meer toegewy aan God!

Besef dus dat jy in ’n wedloop is waar vlug en jaag een beweging na God toe verteenwoordig. Jy het reeds in hierdie wedloop weggespring toe jy belydenis van geloof afgelê het (vers 12). Soos ’n atleet moet jy nou uitmaak watter dinge jou in die geloofswedloop terughou, en watter dinge jou aanhelp. Die gelowiges onder Timoteus se sorg is teruggehou deur “’n sieklike behepthed met twisvrae” (vers 4) en “geldgierigheid” (vers 10). Saam met alle ander sondes moet jy veral vir hierdie dinge wegvlug.

Terselfdertyd moet jy jou elke dag laat aanhelp deur God wat jou roep. Al vra dit al jou krag moedig Hy jou aan om te volhard in die dinge wat jy vir Hom moet doen. Hy moedig jou aan, want die wedloop na Hom toe is ’n GOEIE wedloop. Die wonderlike prys van die ewige lewe wat Christus vir jou verdien het wag by die eindpunt! (vers 12). Jaag ook vandag VOLUIT om dit in besit te neem.

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)